testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

## NOVEMBER 2020

## GRAAD 10

| REKENINGKUNDE<br>VRAESTEL 1 |
|---|

EXEMPLAR

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 150**

**9 bladsye + 1 formuleblad**

**INSTRUKSIES**

1. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDBOEK wat voorsien is.
2. ŉ FORMULEBLAD vir finansiële aanwysers word voorsien aan die einde van die vraestel. Jy mag dit gebruik indien nodig.
3. Toon alle berekeninge waar van toepassing om deelpunte te verdien.
4. Lees alle instruksies noukeurig.
5. Probeer ten alle tye om by die aanbevole tydsduur te hou.
6. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as ŉ riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk nie.

| **VRAAG 1: 43 punte; 34 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Konsepte en transaksie ontleding | AARP Konsepte<br>Transaksie ontleding |

| **VRAAG 2: 42 punte; 33 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Inkomstestaat | Inkomstestaat vir ŉ eenmansaak |

| **VRAAG 3: 27 punte; 23 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Balansstaat, Nota en Etiek | Balansstaat Nota<br>Balansstaat vir ŉ eenmansaak<br>Etiek |

| **VRAAG 4: 38 punte; 30 minute** | |
|---|---|
| **Tema van vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Ontleding en vertolking | Ontleding en vertolking van finansiële state |

EXEMPLAR

## VRAAG 1: AARP KONSEPTE EN TRANSAKSIE ONTLEDING

**(43 punte; 34 minute)**

### 1.1 KONSEPTE

Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1.1 Onwaar) in die ANTWOORDBOEK.

1.1.1 Die historiese kostebeginsel beteken dat vaste bates geboekstaaf word teen kosprys in die finansiële rekords van die besigheid.

1.1.2 Die paringsbeginsel verwys na die opstel van finansiële state sodat inkomstes verdien en uitgawes aangegaan in ʼn spesifieke jaar in berekening gebring word.

1.1.3 Die verstandige konsep verwys na die verkoop van voorraad teen die laagste moontlike prys.

1.1.4 Die besigheidsentiteitsbeginsel beteken dat die finansiële sake van die eienaar van ʼn besigheid moet funksioneer as ʼn aparte finansiële entiteit as die besigheid. (4 x 1) (4)

### 1.2 TRANSAKSIE ONTLEDING

Ontleed die volgende transaksies volgens die opskrifte in die ANTWOORDBOEK voorsien. Die besigheid gebruik ʼn winsgrens van 60% op kosprys.

Veronderstel dat die bank saldo **oortrokke** is vir alle transaksies.

**Byvoorbeeld**: Koop toerusting op skuld, R 6 000.

| Nr. | Bron-dokument | Rekening gedebiteer | Rekening gekrediteer | B | E | L |
|---|---|---|---|---|---|---|
| bv. | Oorspronk-like faktuur | Toerusting | Krediteure kontrole | + 6 000 | 0 | + 6 000 |

**TRANSAKSIES:**

1.2.1 Koop skryfbehoeftes vir R1 000 en betaal per tjek.

1.2.2 Ontvang ʼn tjek vir R4 950 vanaf ʼn debiteur om haar rekening van R5 000 te vereffen.

1.2.3 Verkoop goedere kontant, die kosprys is R2 000.

1.2.4 Die eienaar trek ʼn tjek vir R650 en neem handelsvoorraad teen kosprys van R950 vir eie gebruik.

1.2.5 Stuur beskadigde goedere ter waarde van R460 terug aan die verskaffer. (39)

**43**

EXEMPLAR

## VRAAG 2: INKOMSTESTAAT (42 punte; 33 minute)

Die onderstaande inligting is 'n uittreksel vanaf die rekords van VeeLee Versamelaars, hul finansiële jaar eindig op 31 Desember 2019. Die besigheid gebruik 'n winsgrens van 60% op kosprys.

Voltooi die volgende finansiële state van VeeLee Versamelaars vir die jaar geëindig 31 Desember 2019.

**GEVRA:**

Berei die Inkomstestaat (42)

**INLIGTING**

**UITTREKSEL VANAF PROEFBALANS OP 31 DESEMBER 2019**

| **Balansstaat-rekeninge afdeling** | **Debiet** | **Krediet** |
|---|---|---|
| Grond en geboue | 340 000 | |
| Onttrekkings | 147 460 | |
| Voertuie | 211 800 | |
| Toerusting | 100 000 | |
| Opgelope waardevermindering op voertuie | | 40 000 |
| Opgelope waardevermindering op toerusting | | 20 000 |
| Vaste Deposito: ABC Bank (10% p.j.) | 40 000 | |
| Handelsvoorraad | 6 580 | |
| Debiteurekontrole | 12 000 | |
| Lening: Royal Bank (19% p.j.) | | 90 000 |
| **Nominale rekeninge-afdeling** | | |
| Verkope | | 400 380 |
| Koste van verkope | 240 000 | |
| Debiteure afslag | 1 980 | |
| Water en elektrisiteit | 4 950 | |
| Advertensies | 5 900 | |
| Versekering | 3 890 | |
| Huurinkomste | | 20 800 |
| Voertuig herstelwerk | 3 300 | |
| Kommissie inkomste | | 19 000 |
| Skryfbehoeftes | 4 520 | |
| Verpakkingsmateriaal | 2 110 | |
| Rente op vaste deposito | | 2 000 |

EXEMPLAR

EXEMPLAR

**AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING**

1. Die eienaar het voorraad ter waarde van R1 072 (verkoopprys) geneem voordat die fisiese voorraadopname gedoen is. Hierdie transaksie is nog nie geboekstaaf nie.

2. Volgens die fisiese voorraadopname, is die volgende voorhande aan die einde van jaar.

   - Handelsvoorraad R4 300
   - Skryfbehoeftes R 950
   - Verpakkingsmateriaal R 340

3. ŉ Bedrag van R11 800 betaal vir herstelwerk aan een van die voertuie is teen die Voertuie rekening gedebiteer. Herstel die fout.

4. Die water en elektrisiteitsrekening vir Desember 2019 is ontvang maar nog nie betaal nie. Die uitstaande bedrag is R450.

5. Die bedrag van versekering sluit ŉ bedrag van R800 wat vooruitbetaal is vir die volgende finansiële jaar.

6. Advertensies sluit ŉ bedrag in van R1 400 vir ŉ vier maande kontrak. Die kontrak is vir die periode 1 November 2019 tot 28 Februarie 2020.

7. Voorsien vir uitstaande rente op vaste deposito.

8. Die volgende leningstaat is ontvang vanaf Royal Bank:

| | |
|---|---|
| Saldo op 01 Januarie 2019 | R 130 000 |
| Rente gekapitaliseer | ? |
| Terugbetalings gedurende die jaar, rente ingesluit | 40 000 |
| Saldo op 31 Desember 2019 | 105 000 |

9. Waardevermindering moet bereken word as volg op 31 Desember 2019: Toerusting: 10% op kosprys en voertuie: 15% op verminderde saldo metode.

10. Huur is ontvang vir 13 maande.

11. ŉ Bedrag van R1 000 is nog uitstaande vir kommissie inkomste op 31 Desember 2019.

**42**

**VRAAG 3: BALANSSTAAT EN ETIEK** **(27 punte; 23 minute )**

Jy word voorsien met 'n uittreksel vanaf die finansiële rekords van Egoli Verskaffers. Die finansiële jaar eindig op 30 Junie 2020.

**GEVRA:**

3.1 Voltooi die nota vir Handels- en ander krediteure. (8)

3.2 Berei die Ekwiteite en Laste Afdeling van die Balansstaat voor. Waar notas nie gevra word nie, toon berekeninge in hakies om deelpunte te verdien. (13)

**INLIGTING:**

**A UITTREKSEL VAN SALDO'S EN TOTALE OP 30 JUNIE 2020**

| BALANSSTAAT-REKENINGE AFDELING | DEBIET | KREDIET |
|---|---|---|
| Kapitaal (1 Julie 2019) | | 409 000 |
| Onttrekkings | 140 000 | |
| Grond en Geboue | 680 000 | |
| Debiteurekontrole | 126 000 | |
| Lening: Bank van Suid-Afrika (30 Junie 2020) | | 400 000 |
| Krediteurekontrole | | 38 500 |
| Oortrokke Bank | | 3 200 |
| Opgelope inkomste | 3 400 | |
| Opgelope uitgawes | | 4 200 |
| Vooruitontvange inkomste | | 3 600 |
| Vooruitbetaalde uitgawes | 3 900 | |
| Krediteure vir salarisse | | 12 300 |
| SAID – LBS | | 5 300 |
| Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) | | 4 800 |

EXEMPLAR

**B ADDISIONELE INLIGTING EN AANSUIWERINGS**

**A** Nadat alle aansuiwerings in berekening gebring is, bedra die korrekte netto wins R245 000.

**B** ŉ Debiteur met ŉ kredietsaldo van R650 moet oorgedra word na krediteure.

**C** Op 30 Junie 2020, het die eienaar sy kapitaalbydrae verhoog deur ŉ voertuig ter waarde van R80 000 na die besigheid te bring.

**D** Die besigheid beplan om ŉ kwart van die uitstaande lening in die volgende finansiële jaar te betaal.

**E** ŉ Debiteur, AK Khumalo het R1 700 in die besigheid se lopende bankrekening gedeponeer.

3.2 **ETIEK**

Lees die uittreksel en beantwoord die vrae.

> Wendy Mokoena, ŉ vorige werknemer van Diane Handelaars, is onlangs afgedank. Die bestuur het aangevoer dat die huidige ekonomiese toestand en verlaging in die winste die besluit onvermydelik gemaak het.
>
> Sy het die WVF kantoor gekontak waartoe sy die afgelope 5 jaar bygedra het vanaf haar indiensneming by Diane Handelaars om haar voordeel in te vorder. Hierdie aftrekkings reflekteer ook op al haar salarisstrokies. Sy is meegedeel dat geen bydraes vanaf Diane Handelaars ontvang is vir die afgelope 11 maande nie.

**GEVRA:**

3.3.1 Watter advies sal jy aan Wendy gee? Voorsien **TWEE** punte. (4)

3.3.2 Voorsien **EEN** stap wat teen die werkgewer geneem kan word wat nie die WVF oorbetaal het nadat die geld van haar werknemers se salarisse afgetrek is nie. (2)

**27**

EXEMPLAR

## VRAAG 4: ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE

**(38 punte; 30 minute)**

Die onderstaande inligting is geneem uit die boeke van Mabena Winkel, hul finansiële jaar eindig in Desember elke jaar. Die eienaar is David Mabena.

**GEVRA:**

4.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir 2019 met verwysing na **INLIGTING A** en **B**. **Bereken jou antwoorde tot een desimale plek.**

4.1.1 Bruto wins op omset (3)

4.1.2 Bruto wins op koste van verkope (4)

4.1.3 Die opbrengs op gemiddelde eienaarsbelang (5)

4.1.4 Bedryfsverhouding (4)

4.1.5 Vuurproefverhouding (4)

4.1.6 Beantwoord die volgende vrae:

**A** Lewer kommentaar oor die likiditeitsposisie van Mabena Winkels vir 2019. Kwoteer **TWEE** finansiële aanwysers. (6)

**B** Die besigheid het nie sy voorgenome winsgrens van 100% op kosprys gehandhaaf nie. Verduidelik in **TWEE** punte hoekom die beoogde resultate nie bereik is nie. (4)

**C** Gee **TWEE** redes en verduidelik waarom handelsvoorraad afgetrek word om die vuurproefverhouding te bereken. (4)

**D** Moet Mabena gelukkig wees met die opbrengs op haar belegging? Verduidelik en kwoteer relevante finansiële aanwysers. (4)

EXEMPLAR

**INLIGTING A**

| **Inkomstestaat vir die jaar geëindig 31 Desember** | **2019** | **2018** |
|---|---|---|
| Verkope | 124 000 | 109 000 |
| Koste van verkope | ? | (63 000) |
| Bruto wins | 55 000 | 46 000 |
| Ander bedryfsinkomste | 7 000 | 6 000 |
| Bedryfsuitgawes | (40 000) | (35 000) |
| Bedryfswins voor rente betaal | 22 000 | 17 000 |
| Rente betaal | (2 000) | (2 000) |
| Netto wins vir die jaar | 20 000 | 15 000 |

**INLIGTING B**

| **Balansstaat soos op 31 Desember** | **2019** | **2018** |
|---|---|---|
| Eienaarsbelang | 200 000 | 206 000 |
| Vaste Bates | 170 000 | 190 000 |
| Voorraad (slegs Handelsvoorraad) | 18 000 | 26 000 |
| Handels- en ander debiteure | 19 000 | 23 000 |
| Kontant- en kontantekwivalente | 3 000 | 1 000 |
| Lening: FSB Bank | 80 000 | 100 000 |
| Vaste Deposito | 80 000 | 80 000 |
| Handels- en ander krediteure | 10 000 | 14 000 |

**INLIGTING C**

| **Finansiële aanwysers soos op 31 Desember** | **2019** | **2018** |
|---|---|---|
| Bruto wins op omset | ? | 42% |
| Bruto wins op koste van verkope | ? | 73% |
| Opbrengs op gemiddelde eienaarsbelang | ? | 7,8% |
| Bedryfsverhouding | ? | 3,6 : 1 |
| Vuurproefverhouding | ? | 2,1 : 1 |
| Rentekoers op vaste deposito | 7% | 7.5% |

**38**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**

EXEMPLAR

**GRAAD 10: REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYSERS FORMULEBLAD**

| | | |
|---|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | |
| Bedryfsbates: Bedryfslaste | (Bedryfsbates – Voorraad: Bedryfslaste) | |
| (Handel- en ander ontvangbares + Kontant- en kontantekwivalente) : Bedryfslaste | | |
| $\frac{\text{Netto wins}}{\text{Eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$ | Totale bates: Totale laste | |

EXEMPLAR